# Versierings in die Afrika-kultuur



# Hallo graad 5's!

Ek vertrou dat dit goed gaan met julle elkeen.

Ons het in die vorige les gekyk na Afrika-patrone.

Ek hoop dat jy bietjie kon kreatief raak met Afrika-patrone of dat jy dalk net bietjie daaroor kon gaan nadink.



Vandag se les is ‘n leesstuk met vrae wat jy asseblief op ‘n folio moet beantwoord. Maak seker dat jy dit veilig bêre en kunsklas toe bring op die eerste dag wat julle weer kuns het.

Ons gaan dit sommer in die klas merk, tesame met ‘n

lekker kreatiewe takie.

As jy jou handboek het kan jy blaai na p.94.

Die vrae is op p.95, jy gaan **net vraag 6, a-d doen**.

Al die antwoorde is in die leesstuk.

# Eenheid 27 Nog liggaamsversierings in Afrika

**Sleutelwoorde**

**simbool:** iets wat iets anders verteenwoordig
**Ndebele-kralewerk:** 'n visuele manier om met krale te kommunikeer
**status:** posisie in die gemeenskap

**Lewensvaardighede in Suid-Afrika**

Tradisionele Zoeloe-kralewerk hou verband met liefde en hofmakery voordat 'n paartjie verloof raak of trou. Elke kraalkleur beteken iets anders en hoe die krale gekombineer word, vertel 'n storie. Dit staan as "Zoeloe-liefdesbriewe" bekend.

**Verryking**

Doen navorsing oor Zoeloe-liefdesbriewe en wat hulle beteken.

## Ndebele-kralewerk en -kuns

Mense hou daarvan om te skep. Mense gebruik hulle kreatiwiteit om te wys hoe hulle oor hulle lewens voel en om die wêreld te probeer verstaan. Mense gebruik ook hulle kreatiwiteit om probleme op te los.

Dink aan ons vroeë voorvaders wat prente op grotmure uitgekerf en geverf het. Mense het vir duisende jare regoor die wêreld natuurlike materiale gebruik om beeldhouwerke te maak, te verf, lappe te weef en juweliersware en potte te maak. Hulle het baie van hierdie kunswerke vir spirituele doeleindes gemaak en dit het simboliese waarde. Selfs voorwerpe wat mense gemaak het om 'n spesifieke doel te dien, soos bakke en houers, was pragtig versier met betekenisvolle **simbole**.

Die Portugese het in die sestiende eeu krale na Suid-Afrika gebring. Kralewerk is 'n eeue oue kunsvorm onder die Ndebele-stam.

Die Ndebele-kralewerkkombers is 'n voorbeeld van 'n pragtig versierde Suid-Afrikaanse kunswerk. **Ndelele-kralewerk** is 'n visuele manier om te kommunikeer. Hele komberse kan met kralewerk bedek word. Ndebele-vroue maak ook aparte stroke kralewerk en werk dit dan in horisontale stroke aan die kombers vas. Hulle gebruik letters, huise en prente van vliegtuie.

Die funksies van kralewerk sluit die identifikasie van die **status** van vroue in die gemeenskap en die versiering van mense en voorwerpe in. Kralewerk is ook 'n bron van inkomste. Die Ndebele-vroue is baie trots op hulle kralewerk. Die werk van die Ndebele-kunstenaar Esther Mahlangu is in 1989 in Parys uitgestal.

Ndebele-vroue dra verskillende soorte rompe en voorskote. Die *amaphoto* of alledaagse romp het krale om die rand. Daar is ook die seremoniële romp met vyf panele, die *tshogholo*. Slegs getroude vroue dra hierdie twee rompe.

6. a) Wat is die hooffunksie van Ndebele-kralewerk?
b) Wat is 'n *amaphoto*?
c) Hoe het krale na Suid-Afrika gekom?
d) Wat, dink jy, verteenwoordig die kleur rooi in Ndebele-kunswerke?

# Raak kreatief met Afrika-versierings!

Kyk na hierdie oulike idees oor Afrika-versierings. Gebruik dit as inspirasie en skep jou eie kunswerk indien jy toegang het tot die nodige materiale.

HIERDIE IS NIE VERPLIGTEND NIE – DIT IS SOMMER NET VIR DIE LEKKERTE INDIEN JY ‘N TAKIE SOEK OM TE DOEN IN JOU VRYE TYD.

ONTHOU!
Jy het nie gekoopte materiale nodig om kuns te doen nie. Jy kan mooi projekte aanpak met ou papier, toiletrolle, koerantpapier en eintlik enigiets waaraan jy kan dink!
Ek sien uit om te hoor wat julle alles uitgedink het!

AL WAT JY BENODIG IS JOU VERBEELDING!



Hierdie is ‘n papierbord!












Hierdie kan baie mooi versier word!